Lyttelton-Noord
Nederduitse Gereformeerde Gemeente

Die Kandelaar

Nuusbrief van die NG Kerk Lyttelton-Noord

JAARGANG 12 OKTOBER 2014

HEERLIKE LENTE

Wanneer ek hierdie stukkie skryf, is dit Maandag na die naweek se eerste somerreën – en wat ‘n heerlike, sagte, deurdringende reënbui was dit nie. Dit stem ons innig dankbaar en lui die somer in – en veral vir die boere, hoop ons, ‘n goeie plant- en oesseisoen.

Einde Oktober, wanneer die Jakarandabome die wêreld pers tooi, beteken ook eksamentyd. Vir elke matrikulant wens ons voorspoed en sterkte toe met die eindeksamen. Vir elke ander student in die gemeente ook, want eksamentyd is nie net ‘n toets van jou kennis nie, maar ook vir jou uithouvermoë oor ‘n hele paar weke. Tydens eksamentyd dink ons veral aan die matrikulante en studente en vergeet dikwels van al die kinders in die hoër- en laerskole wat ook eksamen skryf. Aan julle almal wens ons ook sterkte toe sowel as vir die ouers wat hierdie tyd saam met hul kinders moet meemaak.

Einde van die jaar is ook weer afskeidtyd. Baie jaareindfunksies en partytjies word gehou, dikwels met ‘n oormaat van eet en drink en jolyt. Geniet hierdie geleenthede maar dan op so ‘n manier wat pas by Christene.

Lekker lees aan hierdie uitgawe van *Die Kandelaar*.

Daan en Jansie

KERKHERVORMING

Elke jaar vier die Protestantse Kerke Hervorming op die Sondag naaste aan 31 Oktober. Dié datum is die dag in 1517 toe Maarten Luther sy beroemde 95 stellings op die deur van die kerk in Wittenberg vasgespyker het. Dié datum word allerweë beskou as die begin van die Kerkhervorming. Maar voor dit – al vir meer as ‘n eeu – was daar verwikkelinge in die destydse Katolieke Kerk in die Weste wat beskou word as voorlopergebeure van die Hervorming. In hierdie artikel wil ek bietjie lig daarop laat val.

Die eerste faktor wat ek wil noem, is die situasie onder die geestelikes in die destydse Rooms-Katolieke Kerk. Daar word allerweë aanvaar dat nalatigheid, gebrekkige opleiding, pligsversaking en losse sedes algemene verskynsels onder die geestelikes was en dat die situasie as byna vanselfsprekend aanvaar is onder die leke. Nie alle gruwelverhale wat vertel word oor die kerk van destyds kan as waarheid aanvaar word nie, maar daar was ernstige wanpraktyke wat ‘n hoë mate van amptelike goedkeuring geniet het.

Nog ander faktore was die pes wat in die 14de eeu uitgebreek het en die bedreiging van die Turke. Builepes het in Europa die eerste keer uitgebreek in 1347 en ‘n epidemie geword wat bekend gestaan het as die Swart Dood. Binne 3 jaar is ongeveer ‘n derde van die bewoners van die Katolieke Weste hieraan dood. Baie predikers het dit beskou – al is dit dalk onwaar – as God se manier om die Katolisisme oor sy tekortkominge te straf.

Die opmars van die Ottomaanse Turke was ‘n groot politieke bedreiging wat ‘n erg stremmende effek op die inwoners van Europa gehad het. Hulle opmars het baie lank geduur – vanaf 1354 toe hulle Gallipolli ingeneem het tot in 1453 toe Konstantinopel geval het. In Luther se leeftyd en ook daarna was die Turke net so ‘n werklike bedreiging as die pes.

Ander politieke gebeure was die ontdekkingsreise wat selfs in Luther se leeftyd plaasgevind en nuwe horisonne oopgestel het. In die politiek was daar ook groot ontwikkelinge in Europa wat gelei het tot ‘n nasionale bewustheid. So het die groot monargieë in Europa (Engeland, Frankryk en Spanje) volgens identiese patrone ontwikkel wat gelei het tot ‘n nuwe soort monargie in die 3 genoemde lande teen die einde van die 15de eeu.

Dit was egter veral op die gebied van die kerkpolitiek dat daar woelinge was wat gunstig was vir die Hervorming. Met die aanbreek van die 15de eeu was daar twee mededingende pouse in die Weste en elkeen wou die ander se werk aftakel. Van 1409 af was daar drie. Hierdie ongelukkige toestand in die leierskap van die Westelike kerk weerspieël ‘n siekte wat die gehalte van die Christelike lewe op elke vlak geraak het. Dit kan gesê word dat die Katolisisme só verskil het van die leerstellinge, sedes en administrasie van die kerk van die Nuwe Testament dat die meeste mense met ‘n gewete al sterker aangedring het op hervorming.

‘n Belangrike kulturele verskynsel was die sg. Renaissance wat vanaf die 15de eeu breë kulturele verandering in Wes-Europa gebring het. Die term *Renaissance* verwys na die herontdekking en herlewing van die klassieke Griekse en Romeinse beskawings in die kunste,

REDAKTEURS: Daan en Jansie Kilian

E-pos: daankilian@gmail.com/jansie@cpro.co.za

Telefoon: (012) 667-6929 sel: Daan 083-442-1250/Jansie 073-179-3295

Taalversorging: Chris Calitz Medewerker: Jaco Kriek

politiek en filosofie. Hier kan nie in meer besonderhede ingegaan word op die Renaissance nie, maar dit is ‘n feit dat dit geweldige veranderinge meegebring het in die politiek, filosofie en godsdiens. In ‘n sekere sin het dit gebots met die destydse waardes van die Christendom, maar aan die ander kant ook ‘n klimaat van denke geskep wat bevorderlik was vir die Hervorming en veral die verspreiding van geleerdheid. So is daar nuwe kennis van Latyn en Grieks (die taal van die Nuwe Testament) bevorder wat die Nuwe Testament meer toeganklik gemaak het en in ‘n sin die vertaling van die Nuwe Testament in die volkstaal bevorder het. In hierdie verband het veral die bekende Desiderius Erasmus groot werk gedoen. Hoe geleerdheid en kennis in die tyd bevorder is, word bevestig deur die feit dat in die 15e eeu daar meer as twee dosyn nuwe universiteite in Europa tot stand gekom het.

Om al hierdie nuwe kennis en idees vinnig te versprei, is ook moontlik gemaak deur die “uitvinding” van die boekdrukkuns deur Johann Gutenberg omstreeks 1445. Later het ander drukperse ook in groter stede in Europa tot stand gekom. Sover bekend was die eerste gedrukte boek in die Christelike wêreld dan ook die Bybel (1456).

Nog ‘n baie belangrike ontwikkeling was die sogenaamde *Devotio Moderna* (wat beteken “die moderne manier om God te dien”) wat veral in Noord-Europa aktief was. Dit was ‘n geestelike herle-wing binne die Rooms-Katolieke Kerk wat die klem sterk laat val het op persoonlike aanbidding en sosiale betrokkenheid, veral in die opvoeding. Die sterkste voorstanders hiervan was Geert Groote (1340-84) in Nederland en veral Thomas Haemwerken (1380-1471). Hy is beter bekend as Thomas á Kempis en die skrywer van die boek *Navolging van Christus.* Hierdie boek het die godsdiens en lewens van duisende mense in Europa beïnvloed omdat dit so totaal ingestel was op Christus as ons voorbeeld. Vandag nog het dit ‘n invloed op die lewens van baie Christene omdat dit in so baie tale vertaal is. Sover ek weet, bestaan daar ook ‘n Afrikaanse vertaling.

In ‘n artikel soos hierdie kan nie al die faktore genoem word wat ‘n gunstige klimaat geskep het vir die Hervorming en die vinnige verspreiding daarvan nie, maar ek hoop u het ‘n begrip gekry van die situasie destyds wat meegewerk het om Luther se pogings te laat slaag teen die magtige Rooms-Katolieke Kerk van destyds. Daarom kan ons die Here net dank vir die Hervorming wat die evangelieboodskap vrygemaak het van al die bindende magte in die R.K.K. van destyds. Vandag kan ons met dankbaarheid terugkyk na al die mense en gebeure wat dit moontlik gemaak het dat ons kan vashou aan die groot beginsels van die Hervorming: *sola scriptura, sola fidei, sola gratia* (die Skrif alleen, geloof alleen en genade alleen).

Daan Kilian

(Bron: *Die geskiedenis van die Christendom*. Kaapstad: Struik. 1988.)

SKYNHEILIGHEID

Ons het seker almal ‘n diepe afkeer van skynheiligheid. Geveinsdheid en huigelary stuit mense teen die bors. Soos destyds al vir Jesus. Ook Hy het immers sy dissipels gewaarsku teen “die suurdeeg van die Fariseërs” (Luk. 12:1-9). Dié kiem, dié saad van geveinsdheid wat in die Fariseërs van sy tyd gegroei het, kon immers ook in sy volgelinge aanwesig wees.

Geveinsdheid beteken dat ons ons voor mense anders voordoen as wat ons werkilik is. Dat ons maskers dra. Toneel speel. Dat ons gedrag en woorde beïnvloed word, ja, bepáál word deur ander se verwagtings en wense. Geveinsdheid is ‘n vorm van oneerlikheid. Dit ontstaan uit vreesagtigheid – die vrees vir wat ander, “die mense”, of heel spesifieke persone, van ons sal dink. Ter wille van hul mening sit ons ‘n vromer voetjie voor. En geleidelik raak ons hele lewe oneg; begin ons ‘n dubbele lewe lei. Teen dié kiem, dié neiging waarsku Jesus. Want dit kan ‘n suurdeeg word, ‘n mag wat ons hele lewe só deursuur dat ons later nie meer eg is nie, nie héél mense, met integriteit nie.

Jesus gee verskillende redes vir sy waarskuwing: skyn-heiligheid is tevergeefs, onnodig en gevaarlik.

Dis tevergeefs (Luk. 12:2-3), want uiteindelik werk dit nie uit nie. Vroeër of later kom mense ons agter. Ons verklap onsself. Ons kan dit nie onbepaald volhou nie – oneerlikheid by die werk, pligsversuim, ontrou in verhoudinge, wat ook al. Op ‘n dag verstrik ‘n mens jou in dié skyn-heiligheid, dié dubbele rolle, dié twee identiteite. Daar kom ‘n krakie. Ons egte gesig skyn deur. Alles breek oop. Ons word ontmasker. Wat bedek was, word onthul; wat geheim was, bekend. Wat in die donker gedoen en gesê is, word in die lig gehoor, ja, van die dakke af verkondig. Vroeër of later. Al is dit baie later.

Skynheiligheid is ook onnodig (Luk. 12:4-7). Die diepste motief daaragter is mensevrees. Dit is wat die dissipels – en ons – anders laat optree as wat reg is. Dit laat ons swyg wanneer ons moet praat. Dit laat ons inval by wat almal doen, hoewel ons harte anders wil. Maar dié uitgelewer-wees - aan - die mening - en - reaksie - en - oordele van mense is onnodig, sê Jesus. Wie God vrees, hoef geen mens te vrees nie. Wie God bely en volg, is veilig en versorg, al dink, sê en doen mense ook wat.

Skynheiligheid is daarby *lewensgevaarlik* (Luk. 12:8-9). In ons integriteit, in die egtheid van ons woorde, ons belydenis en dade – sê Jesus – is ons lewe self op die spel. Wie hul vrees vir mense weerstaan en vrymoedig en gelowig

hul lewe nie inrig volgens ander se verwagtinge en druk nie, sal ontdek dat Jesus Hom ook vir hulle nie skaam nie. Wie Hom egter, deur woorde of dade, "voor die mense" verloën deur skynheiligheid, deur 'n dubbele lewe te lei, sal ontdek dat hulle self beskaamd staan. Hulle sal verloor wat hulle juis gemeen het om as wins te verkry.

Dis eintlik merkwaardig dat so baie van ons vandag ook teen skynheiligheid en huigelary is, nes Jesus. Maar is ons? Bedoel ons daarmee dieselfde as Jesus?

Dit lyk asof ons vandag dink die teenoorgestelde van skynheiligheid is om eerlik, openlik en voluit so sleg te wees soos wat ons innerlik en in waarheid is en wil wees. En ons klag dat mense nie moet veins en huigel nie, vra eintlik dat hulle hulle nie ter wille van die openbare mening beter sal gedra as wat hulle regtig is nie. Dat hulle eerder vrye teuels sal gee aan hul selfsug en begeertes. As hulle dit nie doen nie, is hulle skyn-heilig.

Maar sou dit ook kon wees wat Jesus bedoel het?

Vir ons staan huigelary – dikwels – teenoor losbandigheid. Vir Jesus staan dit teenoor – egte – heiligheid.

(Hierdie is een van 'n aantal Bybelse meditasies wat prof Dirkie Smit oorspronklik vir *Die Burger* geskryf het en later in 'n bundel, *God is ons Hoop,* uitgegee is deur Lux Verbi in 2000).

GROOTDOOP 5 OKTOBER

Sondag, 5 Oktober, was vir almal in die kerk 'n spesiale dag. Karl-Heinz Falk het die oggend belydenis van geloof afgelê. Die verhaal begin vroeër in sy lewe toe sy ouers op vroeë ouderdom geskei is en hy by sy ma en stiefpa grootgeword het. Hy het vir 'n lang ruk gedink dat sy biologiese pa en stiefma die idee het dat hy dit nie ver sal bring in die lewe nie. Trouens, toe daar 'n kind uit daardie huwelik gebore is, het hulle eintlik gedink dat hy nie 'n goeie invloed op die kind sal wees nie. Dit was sy persepsie.

Alles het egter verander. Hy is 'n verantwoordelike jongman wat soos sy pa hardwerkend is en homself bekwaam het as diesel tegnikus en tans by Mercedes die kommersiële voertuie diens. Toe vra hy vir Cherise Schwartz om met hom te trou en dit het grootliks verder bygedra dat hy stabiliteit in sy lewe gekry het. Dit was sy begeerte om lidmaat van die kerk te word en om gedoop te word – dinge wat in sy lewe agterweë gelaat is. Die kategese was vir hom en Cherise baie betekenisvol. Trouens, sy het beleef dat die kategese wat sy deurloop het in 'n sekere sin verlore geraak het omdat sy in Graad 11 was en eintlik nog kind. Nou het sy kon saampraat en hom ondersteun en was dit vir beide betekenisvol.

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk is daar 'n kerkorde wat voorskrifte gee oor die optrede in so 'n geval waar 'n volwassene belydenis van geloof wil aflê. In Karl-Heinz se geval was hy nie as 'n kind gedoop nie en word hy dan as 'n volwassene gedoop. Deurdat hy op die doopvrae antwoord, word dit tegelykertyd as aflegging van belydenis van geloof beskou waarna hy dan gedoop word.

Die oggend was spesiaal, sy pa en stiefma en sy aanstaande skoonouers was in die kerk om hom te ondersteun. Ek het gereken dat dit nogal vir 'n jongman 'n aardigheid moet wees om alleen voor te staan en gedoop te word. In sy geval het ons die hele familie opgeroep, ook sy aanstaande bruid en haar familie om by hom te kom staan. Ná die doop het ons hulle versoek om voor in die kerk te bly sit en toe aan hulle nagmaal bedien. Die gemeente het onlangs nagmaal gebruik, maar ons het almal uitgenooi wat wou nagmaal gebruik om die vrymoedigheid te neem om dit saam met hulle te geniet.

Die verhouding tussen Karl-Heinz en sy vader Reinhardt is besig om te groei. Dit was spesiaal dat hy sy seun kom bystaan het. Sy skoonmoeder het ná die doop almal uitgenooi om saam koek en tee te geniet. Dit was spesiaal. Hy trou in 'n familie waar daar liefde en respek vir mekaar is en waar verjaarsdae, Paasfees en Kersfees besondere dae is en waar moeite gedoen word om mense spesiaal te laat voel.

Die twee is die Saterdag van 11 Oktober feestelik in die eg verbind.

Ds Gideon

VIREERS DIE LAASTE?

Ek het al voorheen oor die Oscar Pistorius saak geskryf en kommentaar gelewer. Dit was my eie mening en so ook hierdie laaste(?) keer. Uitspraak in die hofsaak is gelewer en Oscar is gevonnis tot 5 jaar gevangenisstraf. Die artikel van die wet waarvolgens die vonnis gelewer is, maak dit moontlik dat Oscar dalk net 10 maande in die tronk sal hoef deur te bring, afhangende van sy vordering en gedrag en die oordeel van die gevangenisowerhede. Na 10 maande kan die vonnis só aangepas word dat hy onder toesig en met voorwaardes weer na die gemeenskap sal kan terugkeer om sy vonnis te voltooi.

Daar is redelik wydverspreide instemming met die vonnis en veral regsgeleerdes stem saam dat regter Masipa goeie en deeglike werk gedoen het. In enkele gevalle is daar die oortuiging dat die straf te lig is in vergelyking met die erns van die misdaad en veral in die lig van die oormatige geweld in ons samelewing en veral in die lig van geweld wat mans teenoor vrouens gebruik in ons samelewing.

Ek wil nie kommentaar lewer oor die regter se uitspraak of vonnis nie, maar tog enkele opmerkings maak in die lig van die drama wat hom reg in ons huise afgespeel het omdat die saak oor TV gebeeldsend is. Ons almal het 'n goeie kykie gerky oor hoe 'n hofsaak verloop en ook bewus geword van wat in ons samelewing aan die gang is, soos gegewens tydens getuienislewering na vore

gekom het. Of dit ‘n goeie ding is dat die saak gebeeldsend is, is te betwyfel, na my mening. Die media het daarvan byna ‘n sirkus gemaak met al die bespiegelinge in paneelbesprekings van regsgeleerdes en veral wanneer reaksies in die sosiale media bespreek en ontleed is. Ek dink die feit dat die saak gebeeldsend is, het getuies ook beïnvloed (en sommiges dalk laat besluit om nie te getuig nie) en meegebring dat getuies gehoor het wat ander getuies getuig het – en so (bewus of onbewus) dalk hul getuienis aangepas het. Na my mening het die uitsending ook daartoe bygedra dat die saak so lank uitgerek is. Omdat almal net menslik is, het die uitsending ook ‘n effek gehad, meen ek, op hoe die advokate en regter opgetree het. Ten minste moes die druk op hulle baie meer gewees het in hierdie moeilike saak juis omdat hulle hul werk moes doen as’t ware onder die oë van die wêreld.

Wat vir my gepla het, is al die (onnodige) verdedigings en al die (onnodige) getuienisse wat eintlik nie veel bygedra het tot die kern van die saak nie. Ek het gewonder of die staat en verdediging nie darem vooraf op ‘n manier ooreen kon gekom het oor watter feite nie betwis word nie en so baie hoftyd kon gespaar het nie. So sou die hoftyd baie verminder kon word en daarom ook die koste van regsgeleerdes. Terloops, ‘n mens besef nou waarom ‘n hofsaak so duur is en gewone mense wat nie so baie geld tot hul beskikking het nie, maklik in ‘n hof aan die kortste end kan trek.

‘n Saak wat veral in die loop van die saak na vore gekom het, is dat die morele weefsel van ons samelewing nie goed is nie. Verhoudings word op losse voet gebou en dit lyk of daar ‘n losbandige gees in ons samelewing heers. Ek vra myself af wat die werklike waardes is waarop ons samelewing gebou word. Dit kom voor of integriteit, verantwoordelikheid, egte omgee vir ander, geduld en ywer om te bou aan wat vir ons almal voordelig en bevorderlik is, nie baie sterk waardes is nie. En dan praat ons nie eers oor die egte Christelike waardes van Galasiërs 5:22 nie.

Ek sou ook iets wil sê oor die omgang met vuurwapens in ons samelewing. Dit lyk of ons oor die algemeen te “mak” daarmee omgaan en nie besef watter dodelike instrument ‘n vuurwapen is nie. Te veel misdade word gepleeg met wettige en veral onwettige vuurwapens. Ons kan wel sê dat die beheer oor vuurwapens chaoties is, maar eintlik is dit ons gesindheid t.o.v. vuurwapens en die gebruik daarvan wat ‘n groter rol speel.

Soos die geskiedenis van veral Oscar in die hof ontvou het, het ‘n mens besef daar was lankal aanpassingsprobleme wat nie die nodige aandag gekry het nie. Ek is seker al ons gesinne het aanpassingsprobleme – in sommge gevalle ernstiger as in ander gevalle. Maar is dit nie waar dat ons liewer swyg oor sulke probleme eerder as om dit openlik te erken en werk daarvan te maak nie? Of dit nou emosionele of fisiese probleme is, ons is te geneigd om daaróór te leef en dit te onderduk. So skep ons geweldige spanning in onsself en tussen mekaar……totdat dit ontsaglike skade kan aanrig wanneer die druk en spanning te veel word, wat gewoonlik in krisissituasies gebeur.

Wanneer ek Oscar se hofsaak in oënskou neem, dan besef ek dat ons Christene ‘n ontsaglike taak en verantwoordelikheid het teenoor ons samelewing. Die woorde van Jesus self in Matt. 5:13-16 kom in my gedagte op. Hy noem ons die sout en die lig van die aarde – sout wat verderf keer en lig wat helder skyn om die duisternis te verdryf. Maar dan moet ons sout en lig wees nie net deur te praat nie, maar veral om te **LEEF** soos Jesus geleef het. Dan eers sal ons getuienis krag hê en die gewensde uitwerking tot gevolg hê.

Ons moet ook bid vir Reeva se familie, veral vir haar ouers. Ons kan nie ‘n begrip vorm van die groot verlies wat hulle gely het deur hul dogter se dood en veral die manier waarop sy dood is nie – en die trauma wat herhaal en uitgerek is deur die lang hofsaak. Maar ons moet ook bid vir Oscar se familie en vir homself wat ‘n moeilike tyd in die tronk tegemoetgaan en wat baie hard aan homself moet werk om die mens te wees wat hy kan wees.

Daan Kilian

S E N D I N G N U U S

Ingestuur deur Betsie de Wet

1. FEBA RADIO

'N NUWE ERA VIR FEBA RADIO SOUTH AFRICA (FRSA)

FEBA Radio South Africa (FRSA) se nuwe Nasionale Direkteur, dr Jurie Vermeulen en sy vrou Madeleine, het twee seuns, Elmer (21) en Le Roux (18) en woon al sedert 1997 in Pretoria. Madeleine is 'n geregistreerde verpleegsuster wat al die jare saam met hom in die bediening werksaam is. Sy oudste seun is tans 'n ingenieurstudent by Tukkies en sy jongste is in matriek.

Dr Vermeulen was voorheen betrokke by interkerklike evangelisasie, korttermyn sending (deur SIM), kerkplanting en in die akademiese wêreld. Hy het teologiese grade verwerf aan die Universiteite van die Vrystaat, Stellenbosch en Pretoria, waar hy 'n PhD in die Nuwe Testament (Pauliniese kerkleierskap) ontvang het. Hy het ook Sielkunde aan Unisa studeer. Hy het verder ook ervaring as deeltydse dosent by die Universiteit van Pretoria, by plaaslike interkerklike Bybelskole, asook in die buiteland. Alhoewel hy voorheen betrokke was by verskeie denominasies, onder andere die NG Kerk, Baptiste- en Pinkstergemeentes, is hy tans betrokke as leraar by 'n onafhanklike gemeente, die Kainos Familie Kerk in Montana, Pretoria.

Dr Jurie het geroepe gevoel om deel te word van FEBA Radio omdat hy 'n hart het vir wêreld evangelisasie en veral omdat hy die onberekenbare waarde en krag van die media in die verkondiging van die evangelie verstaan en waardeer. Hy was en is steeds be-

trokke by mediabediening deur middel van Christelike televisie en radio en is daarom begryplik baie opgewonde om deel te kon word van FEBA Radio se groot bediening in die mees onbereikte dele van die wêreld.

Die Raad en personeel van FEBA Radio Suid-Afrika verwelkom dr Jurie en sy gesin in ons midde met vreugde en sien uit na 'n opwindende nuwe era onder sy bekwame leiding.

VEELEISENDE TYE VAN VURIGE VERVOLGING

WAT STAAN ONS TE DOEN?

Langdurige konflikte in lande soos die Demokratiese Republiek van die Kongo, Afghanistan, Irak en Soedan het verreikende humanitêre krisisse veroorsaak.

Luidens 'n VN-verslag wat op die **Wêreldddag vir Vlugtelinge** op 20 Junie gepubliseer is, beloop die aantal vlugtelinge, asielsoekers en persone wat binne hul eie lande ontwortel is, 'n dramatiese 50 miljoen! Die Siriese burgeroorlog alleen is verantwoordelik vir 2,5 miljoen vlugtelinge asook die ontworteling van 6.5 miljoen binne die landsgrense. Talle van hierdie vlugtelinge is ook afkomstig van areas soos die Midde-Ooste en Noord-Afrika waar Christene ernstig deur ekstremistiese terroristeorganisasies soos **Boko Haram** (Nigerië), die **Taliban** (Afganistan) en **IS** (Irak) geteiken word.

Die doodstraf vir verbintenis met sendeling

In 'n skokkende voorbeeld van vervolging, het die Noord-Koreaanse Kommunistiese leier, Kim Jong-un, opdrag gegee dat 33 persone wat met die Baptiste sendeling Kim Jung-wook ('n Suid-Koreaan wat aktief betrokke was by die vestiging van 500 ondergrondse kerke in Noord-Korea, en reeds sedert 2013 in aanhouding is) geassosiëer was, tereggestel word. Kim Jong-un het dit ten doel om sy land van sogenaamde "onreine elemente" te suiwer. Sy eie familie het dit self ook nie vrygespring nie. Kim Jong-un se oom, wat aanvanklik die nuwe bloedjong leier met raad en daad bygestaan het, is onlangs saam met sy gesin tereggestel.

Christene staan sterk in die geloof!

In Pakistan, waar die Taliban steeds aktief is en die evangelie van Jesus Christus verban word, word luisteraars op 'n daaglikse basis aan ekstremistiese haatspraak en vervolging blootgestel. Ironies genoeg is dit juis wat ons radioboodskappe van liefde so aanloklik maak. "*Die boodskap van Jesus Christus is hier bitter nodig*", skryf 'n luisteraar.

Gebedsversoeke

- Bid vir programme wat Siriese vlugtelinge in Jordanië, Libanon en Sirië saans bereik. Hulle worstel om sin te maak uit 'n burgeroorlog wat hulle nie alleen van hul eiendom ontneem en lewens verwoes het nie, maar ook miljoene in algehele armoede gedompel het. Bid vir bykomende hulpmiddele wat benodig word ten einde ons uitsendings aan die vlugtelinge voort te sit.
- Bid vir Christene wat onder vervolging in lewensgevaar verkeer. Bid dat hulle die Boodskap van Liefde deur ons uitsendings as 'n bron van warmte, troos en 'n lig in die donker tye sal ervaar.

'N BLIK OP CHRIS-JOHAN EN JEANETTE FOURIE SE EVANGELIESE WERK IN MALAWI

Chris-Johan en Jeanette Fourie is aan die stuur van FEBA se sake in Malawi. Ten spyte van talle uitdagings op hul pad en gesondheidsprobleme wat ons ons asems vir 'n wyle laat ophou het, seën die Here hul werksaamhede in Malawi en marsjeer hulle vol vertroue en geloof vooruit vir die Koninkryk.

Die aankoop van 'n terrein vir die radiostasie word tans gefinaliseer – sentraal geleë in Mangochi, naby die mense, kerke en infrastruktuur waarsonder radio nie kan funksioneer nie. Daar is opwindende gesprekke hieroor met vennote aan die gang en die Fouries is entoesiasties oor ateljees bou, die aansoek vir 'n eie frekwensie, nuwe sendingaksies, gemeenskapsprojekte en 'n kinderbedie-ning en vele meer wat in die vooruitsig is.

Chris-Johan het onlangs malaria opgedoen (of so het ons gedink), so erg dat hy 'n Quinine drup moes neem. Hy was skaars beter toe die koors ook vir Jeanette beetgepak het. Latere toetse in SA het egter aangedui dat albei 'n vreemde en baie hardnekkige virus-infeksie opgedoen het.

Uit 'n onlangse brief wat hulle geskryf het, kry ons 'n blik op die bediening in Malawi: "Toe ons verlede jaar genader is om die projek in Malawi te bestuur, het die Heilige Gees ons geroer. Een ding natuurlik van avonture saam met die Here… Hy laat mens nie voor die tyd sien waarvoor jy jouself inlaat nie… hierdie ou enetjie in Malawi is 'n taai toffie en harde tameletjie gemeng. Maar opwindend, uitdagend, en dit gaan baie harte wen vir Jesus”.

"Ons bevind ons nou in Mangochi, in die hartland van die Yao mense. Hulle is een van die mees onbereikte bevolkingsgroepe in die wêreld en is grootliks Moslem. Die werklike krag hier is egter 'witchcraft' – dit is maar die groot invloed wat hierdie mense bestuur met vrees, verleiding en bedrog. Hekse en toordery is sommer alledaags – met natuurlik die ekstreme negatiewe gevolge van so 'n lewenswyse”.

"Die Yao is 'n nie-Christen volk en daar bestaan baie min Christenmusiek en ander bruikbare programmateriaal in hulle taal. Ons het reeds 'n nuwe reeks programme begin maak vir die daaglikse FEBA kortgolfuitsendings van Swaziland af. Daarmee saam is daar ook allerhande ander planne vir nasionale uitsendings”.

"Kom ons bid asseblief saam vir die uitsaailisensie (aansoeke moet in Oktober ingedien wees)… so ook vir die Mangochi geboue en die oprig van die ateljees… die huur van torings om mikrogolfskakels en die hoofsender te huis-

ves".

"Bid ook asseblief vir die nuwe span (Isah, Daoudi, John en Bright) saam met wie ons werk. Hulle is ons eerstelinie soldate en sal dus geteiken word deur die vyand. Bid sommer asseblief daarmee saam vir ons – vir ons gesondheid en vir oop ore wat selfs die geringste fluister van die Heilige Gees mooi duidelik sal hoor."

Dankie vir u onbaatsugtige belegging in die onverganklike Koninkryk van Jesus!

FEBA Radio SA is dankbaar vir u gebede en gawes vir ons radiowerk onder die Yao Moslems. Hierdie mensegroep tel steeds onder die minsbereikte nasies van Afrika – slegs 'n beraamde 2 % van die Yao is navolgers van Jesus! Besoek gerus die FEBA Radio webtuiste by www.febaradio.co.za om 'n aanlyndonasie te maak. Indien u verkies om 'n kontant of elektroniese oorbetaling te doen, versoek ons dat u die verwysing – "Radius-Yao" gebruik, gevolg deur u voorletter en van.

Kontak ons by 012 334 5708/764 of info@febaradio.coza vir meer informasie.

Bron: RADIUS Broadcasting Hope/Uitsendings van Hoop – Uitgawe 2/2014; **Adres**: FEBA Radio Suid Afrika, Posbus 26270, Gezina, 0031; **Telefoonnommer**: 012 335 5708; **E-pos:** febasa@corpdial.co.za; **Web:** www.febaradio.org.za; **Bankbesonderhede**: **Naam van rekening**: FEBA RADIO SA, **Bank**: ABSA, **Rekeningnommer**: 405 531 3541, **Takkode**: 632 005

2. VGK SUIDER-AFRIKA

GAAN DAN HEEN: Wanneer ons in eie krag uittrek, raak hierdie krag baie gou uitgeput – die reserwes van 'n mens se eie siel is maar min. Wanneer jy die sending terrein opreg en entoesiasties betree, kyk die Satan jou vierkantig in die oë, want nog nooit was jy vir hom so 'n bedreiging nie! Een van julle gaan op die vlug slaan – en dit gaan jy wees as jy nie in die geloof en in die krag van God uittrek nie. Maar met u hulp, ondersteuning en voorbidding vlug ons beslis nie en rol die wiele behoorlik hier by Evangelisasie voort. Ons het die tent en die Evangelisasie span by Koedoeskop gemeente vir twee maande geleen. Baie vroeg op 'n Maandagoggend laai SW my op, nou Northam toe. Laai die bakkie dat dit lyk soos die toring van Babel. Nou vat ons die lang pad Lilydale toe, laai af en Dinsdagoggend so om en by een uur stap ek weer by die huis in. So gaan dit nou al die hele September. Die span moet geskuif word, die tent moet gewas word, daar moet aankope gedoen word en tussendeur moet al die ander take ook gedoen word. My karkas protesteer, maar dit is musiek in my ore om te hoor: "Mma Cox, die tent is té klein." Ons laai die span af in Belfast by ds Joseph Sekgogoba – nét vir een week en die weersiens was hartroerend. Daar is seker tot laatnag gesels. Na 'n week skakel ds Joseph: "Mma Cox, kan die span asseblief nog 'n week hier bly? Hier is 'n groot herlewing." Baie, baie dankie aan ieder en elk wat hierdie uitreik vir ons moontlik gemaak het. Dankie ook aan my ou beste en SW wat sonder huiwering inklim om te help.

LILYDALE: Tydens 'n uitreik gedurende Augustus te Agin Court is selfs die kerk te klein en so ook die tent wat David en sy span gebruik. Sewe jongmense het by die Christelike Jeugvereniging aangesluit, 14 dames by die Christelike Vroueverenigingen 6 manne by die Christelike Mannevereniging.

David pleit vir 'n groter tent. Daar is ook 'n groot nood vir 'n fiets vir David. Hy loop te voet om sy gemeente te bedien. En dit is nie 'n klein gebied nie! As daar dalk êrens 'n ou video (VHS) masjien in onbruik is, sal dit ook baie welkom wees.

NELLMAPIUS: Ds Louis Thobela skakel ook. Die nood is hoog en die span word dringend benodig. Maar einde September moet hulle eers 'n blaaskans neem en dan sal ons kyk om die tent aldaar in Oktober op te slaan.

DIE HARTKAMP: Uit drie rigtings word die seuns opgelaai. By Elandspoort is daar minder seuns as wat verwag word maar met groot opgewondenheid kom hulle by Môregloed bymekaar. Van die verwagte seuns is daar nou net 10 in plaas van 25. Daar is bietjie ongelukkigheid, maar dan word daar onthou: "Vader stuur al die kinders wat U op hierdie kamp wil hê." Teen sononder is hulle in Bronkhorstspruit en word daar vinnig afgelaai en kamp opgeslaan. SW is kampkommandant. Hy het 'n besonderse gawe om 'n Bybelbeginsel baie prakties te maak. Elkeen moet 'n klip optel en hierdie 'las' moet die heeltyd saamgepiekel word. Sommige seuns gee die las selfs 'n naam bv "woede" of "ongeduld" ens. By die kamp skryf elkeen sy naam op sy 'las' en word dit op 'n hoop gestapel en in stil gebed vir liewe Jesus gegee om verder te dra. Dan is dit tyd vir swem, skiet en visvang. Dit is iets wat hierdie groep seuns nie ken nie.

Sondagoggend se les kan op elkeen se lewe toegepas word. Heel dikwels dink ons ons kan nie iets doen nie, want ons het nie die nodige hulpbronne nie. Maar God het egter lankal vir elkeen van ons ons 5 brode en 2 vissies gegee. Ons moet dit net identifiseer, Hom daarvoor dank, dit 'breek' en uitdeel. Ons gaan beslis meer hê as wat ons nodig het.

Maar weer eens het die Here die beste plan gehad. Die kleiner groepie seuns het beslis meer individuele aandag gekry, iets wat hierdie seuns baie, baie nodig het. Hier by Evangelisasie gaan ons met oom SW onderhandel vir meer sulke toekomstige kampe wat ook dogters sal insluit. Ons vra u ernstige voorbidding vir hierdie projek.

In ons vorige nuusbriefie het ons van die Oudio Bybel melding gemaak. Ons het die eerste Bybel aan 'n blinde egpaar beskikbaar gestel. Baie dankie aan Neels Wilken wat dit aan hulle oorhandig het. Ek wens ons kon aan u almal so 'n blykie van waardering gee vir jare en jare se getroue ondersteuning en voorbidding, maar ek glo en vertrou dat u verseker is van ons dankbaarheid.

Die Oudio Bybel

Bron: ***Evangelienuus*** – September 2014; **Adres**: Marinda Cox, Posbus 7218, Pretoria 0001; **Telefoonnommer**: 012 259 0152; **Selnommer**: 082 574 1340; **E-pos:** marindacox@mweb.co.za; **Bankbesonderhede**: ABSA; **Rekeningnommer**: 0690 750 252; **Takkode**: 632005

DANKBARE BELYDENIS

Gisteraand het dit lekker gereën. Ek sit op my bank en kyk na die bome. Die kontras tussen die donker boomstamme en helder groen blare is pragtig. Al die verskillende kleure van groen en bruin val my op. Hoe pragtig lyk alles nie. Die voëltjies kwetter tog te vrolik. Lukas 12:27 kom sit in my hart.
"Kyk hoe groei die lelies; hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie, maar Ek sê vir julle selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre in die vuur gegooi word, so mooi maak, hoeveel te meer sal Hy julle versorg, julle kleingelowiges!"
Ek kla tog so maklik oor die lewe, die swaar, die slegte. En tog het ek so baie om voor dankbaar te wees. My lewe is so geseënd. Ek moet ophou kla. Die blare is uitgelewer aan die son, die hitte, die koue en tog bly hulle sit. Hulle kleef vas aan die boom met mag en mening. Hoe sit ek vas aan God?
Laat ek toe dat Hy my vashou? Is ek getrou?

U, o God het my gemaak.
My gemaak met besonderse smaak.
Uniek is ek, ‘n siel uit grond verwek.
U ken my nog voor my geboorte.
Uit twee selle is ek gekies
Om te lewe waar U kies.

My ouers, God gegewe
Skenk aan my meer as net ‘n lewe.
Hulle wys my die Ewige Lewe
Wek in my die dors na U vrede.

Ouma wat so lank kon bid,
Vir Gorbachev tot die tante wat langs haar sit.
Elke aand op haar knieë het sy vir ons gebid
Vir ons geleer wat met God gesels regtig is.

As ek nou gaan kuier
Hoor ek elke aand my ma lees die Bybel.
Pa lewer kommentaar na elke vers wat vir hom besonder is,
En dan hoe hulle saam die Here aanbid in gebed
En dan diep dink in ‘n tyd van stilswye.

Na n ‘uur of wat is dit my ma wat opstaan
Om die koffie en brood vir pa te bedien.
In hulle oë kan ek die liefde nog sien.
Liefde vir mekaar
Liefde vir ons
Maar groter nog die Liefde vir God.

My pa is ‘n man van integriteit,
Nooit iets gedoen waaroor ek hom kon verwyt
Van blase stukkend steek
Tot leer om te bestuur
Het hy met sy skewe laggie gedoen met plesier.

Ma het op die tafel gestryk
Terwyl ons onder die tafel in ons tent sit.
Geluister na stories van arke, vuuroonde, en bene van klei.
Lewenslesse oor lampe wat aan die brand moes bly en liggies wat moet skyn.

My lewe het baie kronkels en draaie gehad.
Sommige mooi, ander sleg.
Baie nuwe beginne: verkragting, vrou vir my man,
Ma vir my kind, weduwee.
Nuwe werk.
Nuwe kerk.

En in alles,
In al my gisters,
Sien ek God se hand en Werk.

(Anoniem ingestuur deur ‘n lidmaat van ons gemeente.)

NUWE KERKRAADSLID: ANDY MALAN

Ek is net Andy. Andy Malan. Gebore onder die skadu van die Bosberg in Somerset Oos op 9 Junie 1939. My pa, Jacques Malan was ‘n posmeester, en ek het laerskool toe gegaan in Somerset Oos, Umtata, Uniondale, Cookhouse en Margate. En toe my hoërskool voltooi in Port Shepstone. Ek was toe gekeur as Suidkus se “Boy Scout” om Engeland toe te gaan, maar toe Dads verplaas word Kirkwood toe, het dit deur die mat geval, en het ek in Standard Bank eers op Margate en toe in Kirkwood gaan werk, vir ‘n jaar. Toe is ek in 1958 Vlootgimnasium toe, en die skoen het gepas. Ek het dadelik Staandemag aangeteken. Ek was vir twee jaar ‘n radio vakleerling, het my GTS 1 geslaag, en is toe gekeur vir offisiersopleiding.



In 1961 is ek na die Militêre Akademie in Saldanha. Ook in 1961 het ek op Stellenbosch my trouvrou ontmoet, en daar was geen twyfel nie. Onse Vader het haar met die hand na my toe gelei. Ek was verplig om vir Maties se eerste landloopspan te hardloop sodat ek weermagvervoer na Stellenbosch kon kry om vir haar te gaan kuier. Ek is einde 1962 oorgeplaas na die Seinkorps, en het in 1964 by 10 Seinopleidingseskadron in Voortrekkerhoogte aangemeld. My mams het gesê: “A rolling sausage gathers no gravy!” Nou was ek in my element tussen die troepe. In 1966 is ek en Miems vir drie jaar na Walvisbaai verplaas, en hier is my tweelingdogtertjies in

weer vir vier maande grens toe. En toe in Oktober 1970 word ek, die “Vicegrip”, oorgeplaas na Brig Louis Kruger by Direktoraat Militêre Museums om Fort Schanskop te gaan restoureer. En ek is nooit terug troepe toe nie. Ons het Militêre Museums gevestig in Fort Klapperkop, Fort Schanskop, Fort Bloemfontein, Fort Beaufort, Port Elizabeth, die GROTE: die museum in Delvillebos. En in Julie 1990 is ek as kolonel op ver-vroegde pensioen geplaas. Ek was briesend.

Maar in 1972 het ek voorsitter geword van die Weermag se Kanoklub, en het Noord Transvaal kleure verwerf. Ek was ook ‘n Noord Transvaal krieketskeidsregter, en ek was ‘n ouderling in NG gemeente Valhalla Suid vanaf 1978. In 1995 het ek lid geword van Pretoria Regiment en 10 jaar vir hulle gewerk. Dit was vet pret! Ons is elke jaar De Brug toe vir opleiding op die tenks en vir evaluasie en die swakste wat ons ooit gevaar het, was 94%. ‘n Trotse regiment voorwaar! Ek is tans besig met ‘n boek oor Operasie Hooper, Pretoria Regiment se aanval op 21 Brigade by Quito Canavale in 1988. Ek was ook van 1981 af ‘n gereelde jaarlikse spreker oor die slag van Bloedrivier, my passie. Ek hoop om die boek binnekort te voltooi. Ek het in 1981 ‘n Gideon geword, tans betrokke by kerkopdragte. Ek is ook aktiewe lid van die “Military Christian Fellowship” en versprei 30 000 “Challenge” koerante aan soldate vanaf Malawi tot oor die hele land, en vir die soldate op ontplooing in Afrika. En verlede jaar het ons by La Vie ingetrek om te kom rus. Maar dit het tot op hede nog nie gebeur nie.

My liefling, my lewensmaat, my vrou Miems, was haar lewe lank in onderwys, en het ook oplaas in 2005 afgetree. Maar is nog steeds daagliks betrokke om die kleinkinders te leer. Dads, my pa, my rolmodel, het altyd vir my geleer: “Boetie boy, the world must always be a better place because I’m here.”

Dankie, Hemelse Vader, vir alles wat U my toegelaat het om te wees, en vir wat ek steeds is.

GELOOFSBELYDENIS VAN ‘N BOESMANLANDER

Ons glo in God, die Vader
Die Almagtige Maker
Van die Hantam en die Boesmanland
wat ons uit hierdie dorre aarde gevorm het
tot vlees uit stof.
Ons gevul het met sy Gees
sodat wanneer ons ons aardse staaning verlaat
ons, sonder vrees, onvervreemd van God
herenig met ons dierbares, ewig vry kan leef.
Ons glo in Jesus Christus, sy Seun
Wat gekom het om na elkeen se naam te vra.
Met die opkyk na Lokasiekop,
sien ons ons gekruisigde Heer op Golgota.
Sy liefde wat Hom dring
om vir wit, swart en bruin aan die kruis
met God versoening te bring
en triomfantelik op ‘n spierwit donderwolk
weer na ons terug te kom.
Ons glo in die Heilige Gees,
die Wind van God

Wat as die bloudakgras wegraak, die driedoringstamme witraak en die skaap se moed opraak,

Sy vernuwende krag oor ons stort

en met onuitspreeklike sugtinge vir ons intree

en ons, soos Elia, ontmoet in ‘n sagte oostewind gesuis.

Ons glo aan die Kerk

wat uit Christus groei

en so ook ons gemeente vir 75 jaar

met geloof, hoop en liefde bind

aan die Koninkryk van God se Kind.

Ons glo aan die gemeenskap van stukkende sondaars

wat kniel in afhanklikheid van God.

Ons glo aan die vergiffenis

dat Genade altyd groter is as ons sonde en geskiedenis.

Ons glo aan die heropstanding van die liggaam,

want ons glo in Christus.

Ons glo aan die ewige lewe

wat nou begin en na ons dood

steeds die ou ou tyding oor die Boesmanlandvlaktes bring en die blydenuus in die Hantamsberge se klowe bly sing.

(Geskryf deur Retha Brand van Loeriesfontein in Sept 2010 en aan ons gegee deur Andy Malan.)

KYK DAAR HOE STOOM HY!

Op 15 Oktober het ons weer so gemaak! Lekker gery, heerlik gekuier. gesmul aan vars “muffins”, worsbroodjies en natuurlik ook roomys. Die dinge van ‘n kind bly maar vir ons lekker!!

OMGEE-VROUE SE HOEKIE

Soos besige bye – dié vroue van die Omgee Gemeente Lyttelton-Noord. Hierdie keer wil ons die hele gemeente uitdaag – nie net die vrouens nie. Dit is weer daardie tyd van die jaar wanneer daar baie gedink word aan vriende, familie en vergange tye van lekker kuier en lekker eet. Almal is egter nie so gelukkig om altyd ingesluit te word in die groot feesvieringe nie. Daarom wil ons ‘n beroep doen op die gemeente om ons weer te help met die insameling van fondse vir kersgeskenke vir die inwoners van Rusoord.

U sal dalk onthou dat ons onlangs ingelig is deur ‘n medewerker van die Doulos-projek oor die nood van soveel van ons eie volksgenote wat tans haweloos is en nou in “shelters” moet woon. Ons was almal baie geraak deur die haglike omstandighede waarin dié mense woon. Veral die feit dat daar kinders betrokke is wie se vooruitsigte redelik uitsigloos lyk op hierdie stadium, het baie gepla. Dit het ons vrouens laat besluit dat ons nie net die nood kan aanhoor nie, maar dat ons ‘n bydrae moet maak. Ons het toe besluit om te begin komberse brei sodat dit met die begin van die 2015-winter aan die organiseerders van die Doulos-projek oorhandig kan word. Vir hierdie projek het ons wol nodig – nogal baie daarvan. Ons versoek dat u ons in hierdie strewe sal ondersteun. Daar is dames wat reeds begin brei het, maar ons probleem is dat die wol nogal duur is. Die wol kos R25.00 per bol en om en by 12 bolle word benodig om ‘n kombers te voltooi. Sal u ons asseblief help deur ons finansieel te ondersteun vir die bogenoemde 2 projekte? Daar sal by die deure van die kerk en in die kerkkantoor koeverte besikbaar wees waarin u ‘n bydrae kan plaas.

Verder nooi ons enigiemand uit wat bereid is om te help met die brei of hekel van blokkies om met een van die Omgee-Vroue se bestuur in verbinding te tree. Ons sal graag die wol by u besorg.

DANKSEGGINGSETE

16 NOVEMBER 2014

KERKSAAL



VOLWASSENES R40.00

KINDERS ONDER 12 R20.00

U MOET BESPREEK EN BETAAL VOOR OF OP WOENSDAG 12 NOVEMBER

KAARTJIES VAN VANDAG AF REEDS IN DIE KERKKANTOOR BESKIKBAAR

Lief en Leed

Betsie Mellema is tuis ná haar knievervanging waar haar dogter help met versorging. Bid steeds vir haar herstel .

Jan-Louis van Rooyen herstel na ‘n operasie maar is nog swak. Bid asb vir die herstel van sy kragte.

Steph Jacobs het sy skoonsuster, Rita van der Klashorst, aan die dood afgestaan asook ‘n familielid in die Kaap. Sy swaer in Secunda is ook kritiek na ‘n beroerte. Bid vir hom in al die beproewing.

Jan-Hendrik Moggee is opgeneem in Little Company of Mary Hospitaal. Bid dat sy longe skoon sal wees en hy gespaar word van sekondêre infeksies.

Susie Brink se dogter, Rita, is baie bekommerd oor haar ma ná die amputasie van haar voet. Bid asb vir hulle.

Stephanie van Schalkwyk is by haar dogter in Witbank en herstel stadig. Sy het steeds ons gebede nodig.

Ds Kobus Keyter (vroeër van ons gemeente) het blykbaar nog ‘n hartaanval gehad en is kritiek. Bid asb vir hom en sy vrou, Ains.

Dra steeds vir Louise en Jurie Human in jul gebede op aan die Here. Sy moet bestraling kry en hy behandeling vir die bloedsomloopprobleem in sy voete.

Alles op CD, DVD, mp3

Langspeelplate, 78’s solo 7's, klankkassette.

Video’s (verskeie formate), kleurskyfies, foto’s.

Klanksnitte – ook CD-snitte – na mp3

Unieke fotovertonings

op DVD

Vir herdenkings, begrafnisse, reünies...

Van vakansies, herinnerings, reise ...

Met skyfies, ou en digitale foto’s, musiek

Videoproduksies en -redigering

www.video-c.co.za

(012) 527-0140

Chris (083) 604-8167

Mari (083) 611-0317

Ons het aflaaipunte in

Ninapark, Centurion en Hatfield

voete.

Annette Kruger is terug in Rusoord. Dit gaan beter maar sy het steeds versorging nodig en is baie stil. Vergeet haar nie in jul gebede nie.

Fransie Scheepers is steeds in Rusoord. Sy ly ook aan dementia en kan nie verstaan waarom sy nou in Rusoord moet wees nie. Bid asb vir haar.

Louis Gerber is nog steeds in Weskoppies Hospitaal vir behandeling. Bid asb nog gereeld vir hom en sy seun, Louis jr.

Jeanette Kalp is nog besig met chemoterapie en bestraling. Bid steeds vir haar en haar gesin in hierdie moeilike tyd.

Voorbidding word ook gevra vir Annatjie Roets se pa wat baie verswak het.

Helena en Sakkie Jacobs moet ons nie vergeet nie. Bid asb vir hom in sy lyding en vir Helena wat swaar dra aan sy versorging.

Steve en Martie Otto se dogter vorder goed ná ‘n dubbele mastektomie. Bid asb vir haar op die pad van herstel.

Bid ook vir Connie Schaefer se kleinseun, Rion, wat weer sy voete in die gemeenskap moet vind.

Ons moet tog nooit ophou bid vir al die verswakte en siek bejaardes in Rusoord en vir die personeel wat hulle versorg nie.

Niek Kruger en Rita van der Klashorst is na hul afsterwe vanuit ons kerk begrawe. Bid asb vir al hul geliefdes.

Cathy Hough is ook skielik in haar middeljare oorlede en in Polokwane begrawe. Bid asb vir haar man, Louis en hul jong dogter.

‘n Bekende in ons gemeente en omgewing, ds Willem van Niekerk, wat aan die SAW kapelaansdiens verbonde was, is ook oorlede. Ons dink aan sy familie.

By al die leed in die gemeente was daar darem ook groot vreugde in die Schwartz-gesin met die doop van hul nuwe skoonseun, Karl-Heinz Falk op 5 Oktober en sy huwelik met Cherise op 11 Oktober. Baie geluk aan die jong egpaar, aan Chris en Susan en ouma Helena Bezuidenhout. Ook Karl-Heinz se ouers word hartlik geluk gewens.

****

Happiness and love are just a choice away.

Leo Buscaglia

The only way to have a friend is to be one.

Ralph Waldo Emerson

****